Kennisgewing vanuit die rektor se kantoor:
Kontaksessies & eindjaareksamen

Liewe Aros-studente

Dr Blade Nzimande, die minister van hoër onderwys, het op 26 Augustus 2020 aangekondig dat 'n maksimum van 66% van studente toegelaat word om terug te keer na die kampus. Na aanleiding hiervan het die Aros-bestuur die volgende besluit geneem rakende die terugkeer, asook die skryf van die eindjaareksamen.

1. **Terugkeer na Aros-kampus vir kontaksessies:**

Daar is 'n besluit geneem dat die eerste-, tweede- en derdejaars (diplomastudente uitgesluit) **nie** sal terugkeer na die kampus vir kontaksessies nie. Die grootte van die klasse en lokale, asook die prosesse vir die Covid-19-sifting maak dit op 'n logistieke vlak eenvoudig onmoontlik om kontaksessies te hervat. Tans is die aanlyn klasse baie deursigtig en suksesvol en daarom sal die kontaksessies vir die genoemde groepe aanlyn voortgaan.

2. **Terugkeer na die Aros-kampus – vierdejaars en diplomastudente:**

Die vierdejaarstudente (Grondslagfase en Intermediêre Fase) sowel as die derdejaar-diplomastudente sal kan terugkeer na die kampus in Week 11 of Week 12. Dit sal onderskeidelik vir hersieningsdoeleindes voor die finale eksamen wees en wel slegs vir een enkele kontaksessie. Daar is slegs 'n sekere aantal plekke beskikbaar en daarom sal studente 'n bespreking moet maak om die enkele kontaksessie van jou keuse te kan bywoon. Studente word gevra om asb. te bespreek vir die dag waarvoor hul tans ingeskryf is om die kontaksessies by te woon, bv.: Vrydag-studente bespreek vir **een** van die twee beskikbare Vrydagsessies.

Week 11:
Vrydag, 2 Oktober 2020 vanaf 14:30 – 21:30
Saterdag, 3 Oktober 2020 vanaf 08:00 -15:00

Grondslagfase: GSDP
Intermediêre Fase: Die Ark (O211P)
Intermediêre Fase: G10 (O210P)
Diploma: G4

Week 12:
Vrydag, 9 Oktober 2020 vanaf 14:30 – 21:30
Saterdag, 10 Oktober 2020 vanaf 08:00 -15:00

Grondslagfase: GSDP
Intermediêre Fase: Die Ark (O211P)
Intermediêre Fase: G10 (O210P)
Diploma: G4

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.

Besprekings vir kontaksessies kan gedoen word d.m.v. 'n besprekingstelsel. Studente sal die nodige inligting rakende die bespreking van 'n sessie later ontvang, asook die nodige Covid-19-protokol. Studente moet asb. op die Studenteportaal die Covid-19-inligtingsbrief voltooi en saambring na die sessie wat die student vir rekordhouding bywoon. (Hou asb. die Studenteportaal dop vir nodige inligting.)

Let asb. daarop dat die kafeteria nie tydens die kontaksessies sal oop wees nie en dat studente asb. verversings elders moet aankoop.

3. Eindjaareksamen:

Die Aros-bestuur het besluit dat ons geen student of dosent in gevaar wil stel nie en dat ons volgens regulasies wil hou by die maksimum studente op kampus. Daarom sal die eindjaareksamen weer aanlyn plaasvind vanaf 20 Oktober – 18 November 2020. 'n Volledige rooster sal op elke student se portaal gelaai word. Studente word gevra om hulself van die rooster te vergewis, sodat geleenthede nie gemis word nie.

Ons wil weereens ons dank aan ons studente uitspreek vir julle positiewe gesindheid in hierdie uitdagende en onsekere tyd. Ons vertrou dat ons studente die bogenoemde in orde sal vind. Dit bly vir die Aros-bestuur en personeel belangrik om ons studente se belange eerste te stel en daarom wil ons elkeen van julle verseker dat julle veiligheid en gesondheid prioriteit geniet.

Met dank vir almal se samewerking,

Prof PH Fick
Rektor
7 September 2020

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.